

29 April

Skrifgedeelte: Markus 14:12-25 (OAV)

Hande wat verraad pleeg en hand wat seën uitdeel

In die geslote kring van vertroueling in die bovertrek, lyk al die vyandskap van die afgelope dae eindelijk uitgesluit. Maar Jesus onderstreep dat Hy deur 'n tafelgenoot, een wat sy hand saam met Hom in die skottel steek, verraai sal word. Hierdie uitdrukking "saam die hand in die skottel steek" dui op die Pasgavering. Met die paasmaal eet mense saam uit een skottel en gedenk so God se verlossing uit Egipte. Jesus vier dus fees saam met die man wat Hom binnekort sou verraai. Ook Judas deins nie terug om die fees van God se verlossing te vier nie.

Maar dis nie net die hande van die verraaier wat met hierdie ete ter sprake kom nie. Genadiglik lees ons ook van die seënende hande van die Verlosser. Wanneer Jesus na die gebruiklike seënbede, opnuut weer die brood neem en dit breek en uitdeel met seën, stel Hy 'n band tussen die brood en sy liggaam. In plaas daarvan dat die brood en wyn (tekens van sy liggaam en bloed) gespaar en verheerlik word, deel Hy dit aan elkeen uit. Só sou Hy sy lewe gee as betaling vir sondeskuld. Ondanks verraad skenk God deur Jesus se offer verlossing van sonde. Dit word 'n ryke seën, 'n nuwe feesmaal van God se volk!

Hoe maklik vat ons nie met Judashande die vreugdetekens van brood en wyn en verloën Hom dan met ongeloofsdade nie! Sien tog Jesus se seënende hande! Glo vas dat sy seën ook vir jou bedoel is.

Sing: Psalm 118:8

Ds BC Smit (Brits-Wes)